higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
### NKR VLAK 3

(5050063)

**14 November 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 180**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs 'n BLOU of SWART pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Om iets te ondersoek is 'n proses om inligting …

A te voltooi en te finaliseer.
B te versamel en te ontleed.
C te vergelyk en af te sluit.
D te verstaan en toe te pas.

1.2 Die eerste aspek wat in 'n navorsingsverslag genoem word, is die …

A sleutelvraag.
B probleemstelling.
C doelwitte.
D inleiding.

1.3 *Homogeniteit* beteken die groep het …

A soortgelyke eienskappe.
B verskillende eienskappe.
C verskillende temperamente.
D soortgelyke gesindhede.

1.4 Die goue reël van steekproefneming in navorsing is: hoe …, hoe beter.

A groter
B slimmer
C meer innoverend
D meer kreatief

1.5 Kwalitatiewe data is geskik vir … data en subjektiewe ontleding.

A kwaliteit
B toepaslike
C eweredige
D verbale

1.6 … verwys na die gedragskode of die manier waarop die navorser moet optree.

A Regte
B Etiek
C Ondervraging
D Ondersoek

1.7 Kinders kan nie regsgeldige toestemming gee om aan navorsing deel te neem nie, en toestemming moet dus van 'n … verkry word.

A voog.
B onderwyser.
C kennis.
D vriend.

1.8 Die navorser moet sorg dat alle deelnemers gelyk behandel word, ongeag …

A gestremdhede.
B onvermoë.
C status en vermoë.
D bekwaamheid.

1.9 … moet te alle tye tydens navorsing vermy word. Die navorser moet dus bewus wees van sy/haar gevoelens wanneer hy/sy met deelnemers werk.

A Vooroordeel
B Misverstande
C Verwarrings
D Waninterpretasies

1.10 Die reg op vertroulikheid in navorsing hou verband met die reg op privaatheid en …

A vryheid.
B ondubbelsinnigheid.
C deursigtigheid.
D anonimiteit.

1.11 Volgens Maslow moet daar in … voorsien word om oorlewing te verseker.

A fisiologiese behoeftes
B veiligheidsbehoeftes
C affiliasiebehoeftes
D kognitiewe behoeftes

1.12 Groeibehoeftes verwys na behoeftes wat groei en … behels.

A ontbering
B gebrek
C bekwaamheid
D ontwikkeling

Kopiereg voorbehou 

1.13 … beteken dat 'n mens genoeg voedsel kry en die korrekte voedingstowwe inneem.

A Hongersnood
B Higiëne
C Immuunstelsel
D Voeding

1.14 Die akroniem MIV staan vir …

A menslike immuniseringsvirus.
B menslike immuniteitsgebreksvirus.
C mensheid-immuunvirus.
D menslike insulientekortvirus.

1.15 … verwys na daardie dinge wat verhoed dat 'n persoon kan leer.

A Leerstimulasie
B Leerdinamika
C Leerkoördinering
D Leerhindernisse

1.16 Die … domein verwys na beweging, manipulasie en spoed.

A fisiologiese
B kognitiewe
C psigomotoriese
D affektiewe

1.17 Die … is die geld wat aan 'n kind se primêre versorger gegee word in gevalle waar die primêre versorger nie die ouer is nie.

A kindersorgtoelaag
B sorgafhanklikheidstoelaag
C pleegsorgtoelaag
D gestremdheidstoelaag

1.18 Die broodlyn word ook die … genoem.

A bestaanskaal
B bestaantelkaart
C bestaanstandaard
D bestaansgrens

1.19 … beteken finansiële betaling vir dienste gelewer.

A Voordeel
B Bystand
C Vergoeding
D Kommersieel

Kopiereg voorbehou 

1.20 'n … is 'n stel wette vir 'n groep mense.

A grondwet
B reg
C oortuiging
D waarde

(20 × 1) **[20]**

**VRAAG 2**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Navorsing word oor die algemeen gebruik om 'n toets of eksamen te skryf.

2.2 In die sakesektor word navorsing gebruik om mededingers te ondersoek.

2.3 Die formulering van 'n hipotese behels die bepaling van die verhouding tussen veranderlikes of elemente.

2.4 Een van die algemeenste navorsingsmetodes is waarneming.

2.5 Wanneer navorsing met kinders onder die ouderdom van 18 gedoen word, is dit onnodig om toestemming van die ouer/voog te verkry.

2.6 Abraham Maslow het die behoeftehiërargie ontwikkel.

2.7 *Selfverwesenliking* beteken om 'n band met jou familielede te vorm.

2.8 Die omgewing is 'n faktor wat jou gesondheid beïnvloed.

2.9 Gebreksbehoeftes verwys na dinge waaraan iemand moontlik 'n tekort in sy/haar lewe het.

2.10 Goeie higiëniese praktyk is om jou klere een maal 'n maand te was.

2.11 Proteïen word in vleis en neute aangetref.

2.12 'n Gesonde gewoonte is om te hoes sonder om jou mond te bedek.

2.13 Iemand kan met die MI-virus geïnfekteer word deur met 'n geïnfekteerde persoon hande te skud.

2.14 Leerders kan toelating tot 'n skool geweier word op grond van hulle MIV-status.

2.15 Serebrale gestremdheid is 'n soort neurologiese siekte.

2.16 Arbeidsontbering verwys na die fisiese omgewing waarin individue hulleself bevind wanneer hulle 'n gebrek aan basiese benodighede het.

Kopiereg voorbehou 

2.17 Op die interpretasieskaal van die armoedetelkaart, hoe laer die punte, hoe minder armoedig is jy.

2.18 Navorsing het bevestig dat mense met lae vlakke van opvoeding meer geneig is om arm te wees as mense wat goed opgevoed is.

2.19 Die sosio-affektiewe domein verwys na 'n individu se emosionele ontwikkeling sowel as die ontwikkeling in verhouding tot die samelewing waarin die persoon grootgemaak is.

2.20 Opvoeding is die beste manier om armoede te oorkom.

(20 × 1) **[20]**

**VRAAG 3**

3.1 Kies 'n kossoort uit KOLOM B wat by 'n voedingstof in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.1.1 | Vitamien A | A | kaas |
| 3.1.2 | Koolhidrate | B | bone |
| 3.1.3 | Vesel | C | lemoene |
| 3.1.4 | Proteïene | D | blaarslaai |
| 3.1.5 | Suiwel | E | brood |
| 3.1.6 | Vitamien C | F | graan |

(6 × 1) (6)

3.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.14) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

lyne; risiko vir afhanklikheid; arbeidsontbering; diskriminasie; arm; Handves van Regte; materiële; weeskinders; ouderdomspensioen; plagiaat; gesondheidsontbering; gesinsamestelling; waarneming; onderhoud; tempo

3.2.1 … is wanneer jy nie aan 'n outeur erkenning gee wanneer jy sy/haar werk in akademiese artikels gebruik nie.

3.2.2 … beteken die insamel van inligting deur te kyk en aantekeninge oor gebeure te maak.

3.2.3 'n … is 'n byeenkoms tussen twee mense om van aangesig tot aangesig inligting en idees uit te ruil.

Kopiereg voorbehou 

3.2.4 As jy nie die middele het om geriewe of lewensnoodsaaklikhede aan te skaf nie, is jy …

3.2.5 … gebeur met mense wat weens ekonomiese redes werkloos is, sowel as met mense wat weens siekte of gestremdheid nie werk nie.

3.2.6 … sluit faktore in soos hoeveel mense in 'n huis woon.

3.2.7 Die … is 'n hoofstuk in die Suid-Afrikaanse grondwet.

3.2.8 Vroue van 60 en mans van 65 kan vir … aansoek doen.

3.2.9 … verwys na die mate waarin kinders en bejaardes van die ekonomies aktiewe bevolking afhanklik is.

3.2.10 Die hoë voorkomssyfer van MIV en vigs veroorsaak dat 'n toenemende aantal kinders … word.

3.2.11 Die grondwet is daar om ons teen … te beskerm.

3.2.12 … ontbering verwys na mense wat nie die basiese noodsaaklikhede soos water, kos of skuiling kan bekostig nie.

3.2.13 Brood- … word deur die regering as instrument gebruik om die vlak van armoede in die land te meet en dan strategieë te implementeer om armoede te verlig.

3.2.14 … verwys na mense wat nie toegang tot voldoende gesondheidsdienste het nie.

(14 × 1) (14)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B

## VRAAG 4

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Mev. Botha is 'n opvoedkundenavorser wat wil uitvind hoe armoede die leerproses beïnvloed.

Sy besoek twee skole in die Kwamanchu-distrik: Laerskool Tutuzelo en die privaatskool Dr Malan. Mev. Botha kom uit 'n agtergrond van ontbering en mishandeling, en sy kan haar met baie van die kinders by Laerskool Tutuzelo vereenselwig. Sy voel empatie vir hulle, want sy het dieselfde uitdagings ervaar – om stukkende skoene skool toe aan te trek, om nie middagete te eet nie en om 'n vuil skooluniform te dra wat boonop te klein is.

By die privaatskool Dr Malan het sy die teenoorgestelde ervaring, want hierdie kinders kom uit 'n ryk en bevoordeelde omgewing. Dit maak haar kwaad, want sy moet kinders waarneem wat die beste het maar dit nie waardeer nie. Sy voel gegrief teenoor hierdie kinders, want hulle lewens is maklik en sy moes haar hele lewe lank hard werk om te kom waar sy vandag is.

4.1 Noem VYF reëls wat nagekom moet word wanneer navorsing met kinders gedoen word. (5)

4.2 Dink jy Mev. Botha sal bevooroordeeld wees tydens haar ondersoek? (1)

4.3 Staaf jou antwoord in VRAAG 4.2. (2)

4.4 Noem DRIE uitdagings uit die uittreksel hier bo wat leerders by die skool ondervind waarmee Mev. Botha haar kan vereenselwig. (3 × 2) (6)

4.5 Watter soort navorsing, KWALITATIEF of KWANTITATIEF, word in die volgende scenario's beskryf? Skryf slegs die woord 'Kwalitatief' of 'Kwantitatief' langs die vraagnommer (4.5.1–4.5.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.5.1 Hoe voel mense in die Nelson Mandela-Metropool oor die droogte in hulle gebied?

4.5.2 Hoe reageer kinders op die verlies aan ouersorg op 'n baie jong ouderdom?

4.5.3 Wat is die verhouding van MIV-infeksie by die kolleges in die Oos-Kaap in vergelyking met die kolleges in KwaZulu-Natal?

4.5.4 Hoeveel rooi motors ry elke dag deur die tolhek?

(4 × 1) (4)

4.6 Bystand in die vorm van maatskaplike toelae het nie tot 'n afname in armoede gelei nie. Voorbeelde van maatskaplike toelae is ongeskiktheidstoelae, pleegsorgtoelae, sorgafhanklikheidstoelae, kindersorgtoelae en ouderdoms-pensioen.

In Suid-Afrika word maatskaplike toelae nie gebruik vir die doel waarvoor dit bedoel is nie.

Noem SES punte wat jou mening toon oor waarvoor hierdie maatskaplike toelae gebruik word. (6 × 2) (12)

**[30]**

**VRAAG 5**

5.1 Ekstrinsieke faktore is dinge wat buite 'n leerder se beheer is. Hierdie faktore kan gekategoriseer word as samelewings-, pedagogiese en sistemiese hindernisse.

Teken die onderstaande tabel in die ANTWOORDBOEK oor en voltooi dit deur elke faktor in die lys onder die toepaslike hindernis te skryf.

| Samelewingshindernisse | Pedagogiese hindernisse | Sistemiese hindernisse |
|---|---|---|
| | | |

oorvol klaskamers; gebrek aan toiletgeriewe; ongepaste leer- en onderrigmateriaal; gebrek aan leermateriaal vir kinders met spesiale behoeftes; armoede; huishoudings met kinders aan die hoof; straatkinders; gebrek aan lopende water; ongepaste assesseringsprosedures; MIV en vigs; kurrikulumprobleme; ongepaste onderrigmetodes; laat inskrywings; opvoeders wat lyfstraf toepas

(3 × 4) (12)

5.2 Navorsing is 'n goeie benadering om kennis en begrip mee uit te brei of 'n teorie te toets. In die leeromgewing het groepnavorsing sy eie uitdagings.

5.2.1 Noem VIER redes waarom dit 'n uitdaging kan wees. (4 × 2) (8)

5.2.2 Gee DRIE aanbevelings wat jy as opvoeder kan implementeer om suksesvolle groepnavorsing te verseker. (3 × 2) (6)

5.3 Steekproefneming is belangrik in kwantitatiewe navorsing, want dit behels die bepaling van die groep vir 'n navorsingsprojek.

Noem VIER faktore wat die grootte van die steekproef in navorsing beïnvloed. (4)

**[30]**

## VRAAG 6

6.1 Maslow se behoeftehiërargie vorm die grondslag van wat mense nodig het.

Gee EEN voorbeeld van hoe jy as opvoeder sal sorg dat daar in elk van die onderstaande behoeftes voorsien word.

6.1.1 Fisiologiese behoeftes

6.1.2 Veiligheids- en sekuriteitsbehoeftes

6.1.3 Behoeftes aan liefde en samehorigheid

6.1.4 Selfagtingsbehoeftes

6.1.5 Selfverwesenlikingsbehoeftes

(5 × 2) (10)

6.2 Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae.



[Bron: *www.google.com*]

Aan watter siekte ly die kind in die prent hier bo? (1)

6.3 Identifiseer TWEE tekens van die siekte uit die prent in VRAAG 6.2. (2)

6.4 Watter raad sal jy aan ouers gee as hulle kind aan hierdie siekte ly? (3 × 2) (6)

6.5 Noem VYF faktore wat bogenoemde toestand kan vererger. (5)

6.6 Definieer *inklusiewe opvoeding*. (2)

6.7 Noem VIER strategieë vir inklusiwiteit wat in Witskrif 6 uitgelig word. (4)
**[30]**

**VRAAG 7**

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

## HOE ARMOEDE LYK

Armoede is iets wat die Ntulo-gesin goed ken. Die hoof van die gesin van sewe uit Laer-Ngqwara, naby Mqanduli in die Oos-Kaap, is Nolungile Ntulo (82).Die bejaarde vrou, wat nooit skool toe is nie, hoop die lewe sal anders wees vir haar agterkleindogter, Inam (12).Nolungile beskryf die graadsesleerling as 'n skerp kind, en hoop dat sy 'n behoorlike opvoeding sal kry en haar gesin uit armoede uit kan help. Inam wil 'n maatskaplike werkster word. Maar om dit te doen, moet sy baie swaarkry oorkom. Armoede bestaan uit verskeie aspekte wat tot ontbering bydra, insluitend swak gesondheid, 'n lae lewenstandaard, ontmagtiging en 'n gebrek aan opvoeding en inkomste.

Die gesin het nie toegang tot lopende water nie. Ná skool dra Inam soveel as vyf maal 10 liter water op haar kop van die rivier af, wat 2 km weg is, sodat hulle kan kook en bad. Hulle kan nie altyd elektrisiteit bekostig nie, dus gebruik hulle kerse vir lig en kook hulle buite op vure. Die dorpie het nie 'n kliniek nie en as die Ntulo's 'n dokter moet spreek, moet hulle R24 vir 'n retoerrit na Mqanduli of R50 vir 'n retoerrit na Mthatha betaal.

Die gesin oorleef op die 82-jarige se staatspensioen. Inam sê sy sukkel om haar huiswerk by kerslig te doen, maar sy maak altyd seker dit word gedoen. 'Ek is lief vir my ouma, want sy is vir ons ook lief. Sy is altyd hier by ons en beskerm ons en kook vir ons kos,' sê sy. 'Eendag as ek oud genoeg is en as maatskaplike werkster werk, wil ek vir haar 'n groot huis en 'n motor koop.'

[Bron: *https://www.news24.com/South Africa/news/what poverty looks like*, 20170826]

7.1 Definieer elk van die volgende terme:

7.1.1 Armoede

7.1.2 Bestaansgrens

(2 × 2) (4)

7.2 Noem VYF eienskappe van armoede. (5)

7.3 Noem TWEE aspekte in die uittreksel hier bo wat die oorsake van armoede kan wees. (2 × 2) (4)

7.4 Noem DRIE basiese noodsaaklikhede waaraan die gesin 'n gebrek het.
(3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou 

7.5 Noem VIER aspekte uit die uittreksel wat tot ontbering weens armoede kan bydra. (4 × 2) (8)

7.6 Om armoede in Suid-Afrika te verminder, moet die regering die invoer van goedere ontmoedig en plaaslike bedrywe aanmoedig om goedere te maak wat in die land gebruik kan word.

Gee DRIE voorbeelde van goedere wat in Suid-Afrika vervaardig en verkoop kan word. (3)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 120**
**GROOTTOTAAL: 180**

Kopiereg voorbehou